

Wêreldwye groei verloor momentum

Wêreldwye ekonomiese nuus: Oktober 2010

Deur Kevin Lings en Laura Jones, STANLIB ekonome

Dit is nog nie duidelik of die verlies van momentum in ekonomiese groei in die afgelope maande tydelik is en of dit 'n teken van groter onderliggende swakhede in private besteding is nie.

Gedurende September het die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (OECD) sy projeksies vir wêreldgroeï afwaarts aangepas, veral vir die Groep van Sewe (G7) lande, wat die grootste ontwikkelde ekonomieë is.

Die verwagting is nou dat groei in die vernaamste ekonomieë in die tweede helfte van 2010 op 'n verjaarlíke grondslag rondom 1.5% sal wees, vergeleke met die vorige skatting van rondom 1.8%, wat in Mei 2010 saamgestel is.

Verbruikers betaal skuld af

Die OECD is van mening dat verbruikersgroeï moontlik aan bande gelê kan word deur huishoudings wat verkies om eerder skuld af te betaal as om te bestee. Verder sou onsekerheid oor werkloosheid ook groeï in verbruikersbesteding kon kortwiek.

Maatskappywinste het gestabiliseer

Terwyl verbruikersbesteding na verwagting traag sal bly, dui 'n kombinasie van omvattende korporatiewe winste en lae sakebeleggings moontlik daarop dat kapitaalbesteding deur maatskappye waarskynlik nie verder sal verswak nie. Omdat inventarisse nou nader aan gewenste vlakke beweeg, lyk 'n hernieude uitputting van aandele onwaarskynlik. Oríens lyk dit asof finansiële toestande gestabiliseer het.

Onsekerheid rondom die herstel van groeï

Volgens die OECD, sal die gepaste beleidsreaksie wees om die onttrekking van monetêre ondersteuning vir 'n paar maande uit te stel indien die voortgesette afplatting tydelik is. Dit, terwyl die beplande inkorting van regeringsbegrotings voortgaan om sodoende onvolhoubare fiskale situasies aan te spreek. Indien die afplatting egter dui op meer langdurende faktore wat 'n negatiewe invloed op groeï het, sal 'n bykomende monetêre stimulus moontlik nodig wees.

Opkomende markte ontvang leeuwe-aandeel van beleggingsvloei

In terme van onlangse beleggingsbewegings het drie fondstipes as duidelike weners na vore getree. Hulle is verbandfondse van ontwikkelde markte, verbandfondse van opkomende markte en aandelefondse van ontwikkelde markte. Die groot verloorders was die geldmarkfondse van ontwikkelde markte, sowel as ontwikkelde marke se aandelefondse.

Tot op datum (jaar-tot-datum) het 'n totaal van byna \$80 miljard in die vaste inkomste (\$39.3 miljard) van opkomende markte en aandelefondse ingegaan. Soos ons weet, is dit aangedryf deur uiters lae opbrengste wêreldwyd asook 'n mate van herstel in die risiko-aptit. Daarteenoor het beleggers vanjaar 'n massiewe \$373 miljard van die Amerikaanse geldmarkfondse onttrek, bo en behalwe die \$466 miljard onttrekking van verlede jaar. Die uitvloeit uit die Amerikaanse aandelefondse duur voort, terwyl die invloei na Amerikaanse verbandfondse sedert die begin van 2009 met sowat \$300 miljard gestyg het.

Die Rand versterk deur sterk invloei

Suid-Afrika het sy deel van die beleggingsvloei na opkomende markte ontvang. Die jaar-tot-datum invloei van buitelandse beleggings na die SA verband- en aandelemarkte is altesame sowat R100 miljard, met 'n rekordbedrag van R70 miljard wat na die verbandmark vloei. Dit is dus geen verrassing nie, dat die plaaslike verbandmark beter presteer het as die plaaslike aandelemark en dat die Rand terselfdertyd verstewig het.

Die Jaar-tot-datum Rand het met sowat 4% teen die Dollar gestyg. Anders as in 2009, toe die Rand die naasbeste geldeenheid van ontwikkelende markte was, of 2008, toe die Rand die swakste van al die opkomende mark-geldeenhede gepresteer het, is die Rand se vertoning vanjaar in lyn met talle ander geldeenhede van ontwikkelende markte. .

Gegewe die algemene huidige (konsensus) ekonomiese verwagting – dat korttermyn koerse op 'n wêreldwye skaal vir 'n lang tyd laag sal bly; dat wêreldwye inflasie goed onder beheer is, en dat ekonomiese groei bedees en onder verwagting sal wees, bly die huidige beleggingsneigings (verbande en opkomende markte) gesond.

Enige materiële verandering in hierdie aannames sal die wêreldwye aptit vir risiko egter heel waarskynlik beïnvloed (negatief of positief) en 'n potensieel beduidende verandering in beleggingsvloei meebring.

Waarskuwingstekens

Die ekonomie se sleutel-veranderlikes om dop te hou, is die volgende:

Private sektor-indiensneming: 'n afname in werkverskaffing in die private sektor in hierdie stadium sal 'n duidelike teken wees van 'n neiging terug na resessie.

Verhoogde spaarpogings: Die begeerte by huishoudings om meer te spaar, sal lei tot laer verbruikersbesteding (huishoudelike spaarpogings het in die tweede kwartaal van 2010 gestyg).

Eiendomspryse: 'n Daling in huispryse sal heel waarskynlik die delikate herstelproses ondermyn.